

# Die Bybel en sy boodskap: Module 1.

## Hantering en verstaan van die Skrif: Lesing 8 - Watter Bybel moet jy lees?

Miskien het jy ookal in 'n geestelike boekwinkel ingestap met die oog daarop om 'n Bybel te koop om te lees en jou dan vasgeloop teen soveel verskillende vertalings van Bybels net in Afrikaans (om nie eers te praat van al die Bybels in Engels nie) dat jy nie geweet het watter een om nou te koop nie. Dalk het jy ookal deelgeneem aan 'n debat oor verskillende Bybelvertalings om dan net te besef dat jy nie regtig weet wat om te sê nie. Sommige mense hou van die een vertaling en maak dan of dit die enigste een is wat reg is terwyl ander weer van ander vertalings hou en maak of dit weer die enigste is wat reg is. Nou die dag nog was ek in een van hierdie geestelike boekwinkels en het ek die volgende Afrikaanse vertalings op die rak gesien:

- Die Afrikaanse Bybel van 1933
- Die Afrikaanse Bybel van 1933 met die Deutero kanonieke boeke
- Die Afrikaanse Bybel van 1953
- Die Nuwe Afrikaanse vertaling 1983
- Die Boodskap vertaling
- Die Lewende Bybel
- Die Nuwe Lewende vertaling

Verder was daar ook nog in bogenoemde vertalings 'n klompie Bybels wat saamgestel is met die oog op sekere soort lesers soos by:

- Die nuwe lewende vertaling geskenk Bybel
- Die nuwe lewende vertaling familiebybel
- Geloof in aksie Bybel (Die Boodskap)
- Die Bybel vir almal (dowes)
- Die Eenjaarbodskap met oordenkings NT
- Stiltetydbybel vir mans (1983)
- Geesvervulde lewe Bybel vir vroue (1953)
- Die Eenjaar Bybel (NLV)
- Die 24/7 Bybel vir die lewe (1983)
- Leefstyl Bybel vir Vroue (1983)
- Kinderbybels, jongmensbybels, ens



Die vraag ontstaan dan: hoe moet mens kies? Dit is juis hieroor wat ons hier gaan gesels met die hoop dat jy 'n aantal riglyne sal kry wat jou sal help om die regte Bybel(s) te lees.

Kom ons kyk net eers na 'n bepaalde teksvers in die verskillende basiese vertalings om te sien hoe hulle van mekaar verskil. Ons neem as voorbeeld **Rom 8:28**. Miskien is dit vir jou 'n baie bekende teksvers en weet jy teen hierdie tyd al wat dit behoort te beteken. Probeer egter om die teks elke keer te lees in die bepaalde vertaling en te kyk wat die vertaling as sodanig vir jou wil sê.

1. 1933/53 AV: *En ons weet dat vir hulle wat God liefhet, alles ten goede meewerk, vir hulle wat na sy voorneme geroep is.*

So op die oog af lyk dit of Paulus wil sê dat alle dinge wat met sekere mense gebeur gebeur vir hulle goeie gevolge sal inhou. Die vraag is net: watter mense is dit? Is dit mense wat lief is vir die Here of is dit mense vir wie die Here lief is? Wie moet wie liefhê sodat dinge wat met jou gebeur goed sal afloop? Jy kan besef dat dit nogal 'n belangrike vraag is en dat die vertaling ons nie juis help om die regte antwoord te kry nie. Verde kom ons ook agter dat die roeping van die Here hierin ook 'n bepaalde rol speel. Presies wat dit is, is ook nie baie duidelik nie.

Die groot probleem waarmee ons natuurlik sit, en dit geld vir alle Afrikaanse vertalings, is dat ons taal baie arm is wat verskillende naamvalle en verbuigings betref. As ons byvoorbeeld sou sê: "Jy slaan die bal" of "Jy word geslaan" behou die woord "jy" dieselfde vorm. In die een sin is "jy" die een wat die handeling uitvoer terwyl in die ander sin is "jy" die een aan wie die handeling gedoen word. In die Griekse taal is dit heeltemal anders. Daar verander die vorm van die woord wat dadelik aandui of die woord die handelende persoon aandui of die een aan wie die handeling gedoen word.

2. Die Boodskapvertaling: *Ons kan nou van een saak seker wees: God gebruik elke ding wat in ons lewe gebeur, of dit goed is of sleg, om sy doel te bereik. Alles wat met elkeen van ons gebeur wat God liefhet, werk tot ons beswil uit.*

In hierdie vertaling verstaan ons dat dit wat in die eerste vertaling "alles ten goede" is, hier vertolk word as dinge wat daartoe bydrae dat God se plan met jou lewe verwesenlik word. Dit is nie net alle goeie dinge nie, maar dinge wat spesifiek verband hou met God se doel vir jou lewe. Die vertaling los egter nog nie die probleem oor die liefhê op nie. Hier is ook nie regtig 'n antwoord oor die roepingkwestie nie.

3. Die Bybel vir almal (die Bybel vir dowes): *Ons weet dat wanneer mense lief is vir God, dan is alles wat met hulle gebeur, goed vir hulle. God laat dit so gebeur, want Hy het lank gelede besluit om hulle te kies om aan Hom te behoort*

Hierdie vertaling help ons baie moi verstaan wie wie moet liefhê. Dit is naamlik ons as mense wat God maar net moet liefhê, dan sal alles wat met ons gebeur vir ons goed wees. Die rede daarvoor is dat ons moet onthou dat die God is wat ons gekies het om aan hom te behoort. Dit is dus nie die krag van ons liefde wat dinge vir ons goed laat uitwerk nie, maar die feit dat ons God se gekose mense is wat dit doen.

4. Die Lewende Bybel: *Ons weet dat God alles wat gebeur, laat saamwerk tot ons voordeel as ons Hom liefhet, want God het ons geroep omdat Hy vooraf so besluit het.*

In hierdie vertaling is die kwessie van die liefde ook mooi duidelik. Die betekenis van die roeping is nou weer nie heeltemal so duidelik nie.

5. Die Nuwe Lewende vertaling. *En ons weet dat God alles ten goede laat saamwerk vir hulle wat Hom liefhet, hulle wat geroep is volgens sy doel vir hulle lewe.*

Hierdie vertaling maak weer 'n verbintenis tussen die roeping en God se doel vir ons lewens. Dit is hier ook duidelik wie wie moet liefhê.

6. 1983 AV: *Ons weet dat God alles ten goede laat meewerk vir dié wat Hom liefhet, dié wat volgens sy besluit geroep is.*

Dieselfde geld hier as by die vorige vertaling.

Watter een van hierdie vertalings is nou reg? Dit is nie regtig 'n kwessie van reg of verkeerd nie. Almal het die waarheid beet. Dit is net dat almal nie noodwendig baie duidelik is nie. Feitlik by elkeen van hulle is daar onduidelikheid oor die een of ander aspek van die boodskap. Hoe dit gebeur, kan verstaan word as ons let op 'n paar sake wat die vertalingsproses beïnvloed. Kom ons kyk kortliks na elkeen.

### **Grondtekste.**

Uit die vorige lesings weet jy nou-al dat ons nie oor 'n kopie van die heel oorspronklike tekste beskik nie. Nie een van die Bybelboeke soos wat dit deur die skrywers geskryf is, het behoue gebly nie. Die tekste wat ons wel het, is dus almal afskrywes van die oorspronklike weergawes. Met die oorskryf van tekste kon daar hier en daar foute ingesluip het. Die vermoed is egter dat hierdie foute nooit so dramaties is dat dit 'n wesenlike verskil aan die boodskap maak nie. Tans is die grondtekste wat as die mees betroubare gebruik word vir die vertaling van die Ou Testament die "Biblica Hebraica Stuttgartensia" en die teks wat vir die Nuwe Testament gebruik word is die Griekse teks van "Nestlé Aland - 27ste uitgawe". Met die vertaling van die 1993/-53 Afrikaanse Bybel is die "Textus rereceptus" egter as grondtekste gebruik. Hierdie grondtekste is saamgestel deur 'n persoon met die naam van Erasmus wat nie die oudste beskikbare bronne gebruik het nie. So het hy byvoorbeeld nie die Griekse teks van Openb 22:19 gehad nie en het hy 'n Griekse teks gemaak vanuit die Vulgaat (die Latynse vertaling). Daarvolgens sou daar dan geskryf staan: "boek van die lewe" in plaas van "boom van die lewe" soos later geblyk het uit die meer outentieke Griekse tekste. Die verskille tussen die Textus rereceptus en die Nestlé Aland grondtekste is egte nie so geweldig dat daar wesenlike verskille aangetoon kan word nie. Dit het egter wel 'n uitwerking op die uiteindelijke vertaling wat gemaak word.

### **Vertalingsmetodes of -filosofie**

Elke vertaling volg 'n bepaalde metode of filosofie vir die vertaling. Dit het uit die aard van die saak 'n bepalende invloed op die voorkoms van die vertaling asook die verstaan van die boodskap van die vertaling. Die volgende metodes word hier genoem:

#### **Woord-vir-woord of letterlike vertalingsmetode.**

Die uitgangspunt hier is dat dit die beste is om die Hebreeus en die Grieks netso direk in Afrikaans oor te vertaal. Daarmee word die oorspronklike tale se grammatiese reëls ook gehandhaaf sodat jy dus eintlik hier met 'n Afrikaanse Hebreeus en 'n Afrikaanse Grieks te make het. Dit het ook dikwels tot gevolg dat die vertaling nie mooi vlot verloop nie en daarom soms onverstaanbaar is. Die verdere probleem is dat ook die idiomatiese styl van die oorspronklike tale verskil van die styl wat in Afrikaans gebruik word sodat baie van die idioome nie vir ons herkenbaar is nie. Die 1993/-53 Afrikaanse vertaling is 'n goeie voorbeeld van hierdie metode. 'n Teksvers wat die onverstaanbaarheid van die idioom mooi weergee is Rom 12:20 waar geskryf staan: *"As jou vyand dan honger het, gee hom iets om te eet; as hy dors het, gee hom iets om te drink, want sodoende sal jy op sy hoof vurige kole ophoop.* Dit is nie vir ons duidelik wat met die laaste opmerking bedoel word nie, omdat ons nie hierdie idioom in ons taal ken nie.

#### **Dinamies-ekwivalente vertaling**

Die uitgangspunt by hierdie metode is om dieselfde effek (betekenis) te skep as wat die oorspronklike skrywers bedoel het om te skep. Die vraag is dus telkens gevra: "Wat wil die skrywers hê dat die lesers (ook in ons tyd) moet hoor?". Die 1983 Afrikaanse vertaling is 'n mooi voorbeeld van so 'n vertalingsmetode. Rom 12:20 word dus soos volg vertaal: *"As jou vyand honger is, gee hom iets om te eet; as hy dors is, gee hom iets om te drink; want deur dit te doen, maak jy hom vuurrooi van skaamte."* Hier word die Griekse idioom dus vertaal met dieselfde soort idioom wat ons in Afrikaans sou gebruik om dieselfde effek te kry. Die gevaar van hierdie manier van vertaal is natuurlik dat daar groter ruimte gelaat word vir subjektiewe faktore wat by die vertaler 'n rol kan speel wanneer 'n betekenis gekies moet word. Die metode help ons egter om ten minste die afrikaanse taal tot sy reg te laat kom.

## Parafrase of vrye vertaling

Hier val die klem uit en uit op die betekenis sonder om die letterlike te probeer oordra. Dit bring dikwels mee dat omskrywings gebruik moet word om die boodskap tuis te bring. So vertaal Die Boodskapvertaling bv Rom 12:20 soos volg: *"As jou vyand honger is, moet jy sorg dat hy iets te ete kry. As hy dors is, moet jy hom iets gee om te drink. As jy dit doen, sal jy hom sommer baie skaam maak."* Dikwels help dit ons baie om die betekenis mooi te verstaan. Die gevaar is hier egter ook nog groter dat subjektiwiteit 'n groot rol speel en veral is die gevaar van anachronisme (diskontinuiteit mbt tyd) baie groot. Met ander woorde die vertaling kan die klimaat en atmosfeer wat in die oorspronklike teks voorkom so laat verdwyn dat dit heeltemal vir die hedendaagse leser velore raak. So bv vertaal die Boodskapvertaling die gelykenis van die vrou wat die verlore muntstuk soek in Luk 15:9 soos volg: *"As sy die geld uiteindelik kry, is sy verskriklik bly. Dan nooi sy gou-gou al haar vriendinne oor vir 'n koppie tee: 'Kom wees saam met my bly, want ek het my geld gekry wat ek verloor het.'" Die vrou van destyds het nie saam met haar vriendinne tee gedrink nie. Alhoewel die betekenis van die verhaal se boodskap duidelik deurkom, is daar tog 'n verlies aan die oorspronklike klimaat waarbinne die verhaal vertel is en dit word as 'n leemte beleef.*

## Die funksionalistiese vertaling

Soms word aan vertalers opdrag gegee om met die oog op 'n sekere teikengroep lesers die Bybel te vertaal. Die beoogde doel en teikengroep van die vertaling bepaal dan die vertalingstegniek. So vertaal Die Bybel vir almal vir dowe mense bv Luk 15:9 soos volg: *"As sy die geldstuk gekry het, roep sy haar vriendinne bymekaar en sê: 'Julle moet saam met my bly wees, want ek het die geldstuk gekry wat ek verloor het'"* Persone met gehoorgestremdheid het nie die uitgebreide woordeskap van ander mense nie. Daarom word die vertaling so eenvoudig moontlik gedoen sodat hierdie mense dit kan verstaan.

Watter een is reg? Mens sou kon sê nie een nie of jy sou ook kon sê almal. In Latyn bestaan die spreekwoord wat sê: "Traduttore traditore" wat beteken "Die vertaler is 'n verraaier". Daarmee word bedoel dat die leser aan die vertaler uitgelewer is want geen vertaler kan regtig een taal in 'n ander taal vertaal en heeltemal reg aan die teks laat geskied nie. Daarvoor is taal net te ingewikkeld.

## Riglyne vir jou keuse

Om jou te help om die regte Bybel te lees, word die volgende riglyne gegee wat jou sal help:

### 1. Die mees oorspronklike teks:

Die beste is natuurlik nog om die Bybel te lees in die mees oorspronklike teks. As jy dus kans sien om Hebreeus en Grieks te leer lees, sal dit jou geweldig baie help om die Bybel reg te kan lees. Die meeste van ons kan dit egter nie doen nie en daarom is ons van ander se vertalings afhanklik. Neem dan die volgende in gedagte:

### 2. 'n Letterlike vertaling (1933/-53):

Hierbo kon jy agterkom dat 'n letterlike vertaling eintlik net die oorspronklike teks in jou eie taal is. Dit help dus geweldig baie om die Bybel in so 'n vertaling te lees en die aard en sinskonstruksies van die oorspronklike tog op 'n manier agter te kom.

### 3. Die dinamies ekwivalente vertaling:

As die lees van die letterlike vertaling jou laat wonder oor die betekenis kan jy gerus dieselfde teks in 'n dinamies ekwivalente vertaling soos die 1983 Afrikaanse Bybel lees. Dit sal jou help om die betekenis beter te verstaan en ten minste ook Afrikaans beter tot sy reg laat kom.

### 4. 'n Parafrase vertaling:

Om die betekenis nog beter te verstaan, kan die lees van 'n parafrase Bybel jou baie help. Wees egter versigtig om hierdie soort vertaling alleen sonder die hulp van die ander twee vertalings te lees aangesien die gevaar van subjektiwisme baie groot is.

### 5. Ander tale - veral Engels:

Omdat ander tale soos Engels gewoonlik ook vanuit 'n ander soort agtergrond en kultuur kom as Afrikaans, is dit baie goed om een of meer Engelse vertalings saam met jou Afrikaanse Bybel te lees. Hier is 'n Bybel soos "The Amplified Bible" baie nuttig omdat dit in die teks ook tussen hakies telkens ander betekenis moontlikhede van die teks weergee. So word Luk 15:9-10 in The Amplified Bible bv soos volg vertaal: *"And when she has found it, she summons her [women] friends and neighbors, saying, Rejoice with me, for I have found the silver coin which I had lost. 10 Even so, I tell you, there is joy among and in the presence of the angels of God over one [especially] wicked person who repents (changes his mind for the better, heartily amending his ways, with abhorrence of his past sins).*

## Saamgevat

Ten slotte kan ons dus uit bogenoemd agterkom dat dit nie die moeite werd is om oor verskillende vertalings te stry nie. Elke vertaling het sy positiewe en sy negatiewe aspekte. Per slot van rekening is elke vertaling maar net nog 'n poging. Die geheim is dus om verskillende vertalings wat op verskillende vertalingsfilosofieë gebaseer is naas mekaar te lees. Dit is uiteindelik die heel beste manier om agter die betekenis van die teks te kom.